NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 14 - September 2007

NWK help produsente met termynfinansiering

Te midde van moeilike heersende landboutoestande, het NWK se direksie onlangs aanbeveel dat kwalifiserende produsente se bestaande oorlaatskuld na termynskuld omgeskakel kan word.

Die implikasie hiervan, volgens Freddie Pohl (bestuurder: Krediet), is dat sodanige produsente hul oorlaatverpligting by wyse van vaste paaiemente oor 'n periode van twee of drie jaar sal kan vereffen.

Freddie noem dat oorlaatskuldvlakke uiteraard ná die teleurstellende seisoen wesenlik gaan toeneem en NWK glo dat 'n groot aantal produsente, wat nie op die konvensionele jaarlikse oordrag van oorlaatskuld-basis verder gefinansier sou kon word nie, weliswaar onder die termynfinansieringskema bygestaan behoort te kan word.

"Dié skema word geïmplementeer as gevolg van die heersende omstandighede en gaan nie noodwendig beskikbaar wees vir nuwe ooreenkomste in volgende produksieseisoene nie," het hy gesê.

Individueel beoordeel

Elke geval sal individueel beoordeel word ter kwalifisering van moontlike termynfinansiering. Sekuriteitsposisie en realistiese terugbetalingsvermoë bly kernfaktore in hierdie opsig – veral vir voldoening aan die nasionale kredietwet se bepalings.

Met die oog op die gebruikmaking van hierdie finansieringsvergunning, raai Freddie produsente aan om hul uitstaande finansieringsaansoeke vir die komende seisoen so spoedig moontlik by NWK se Kredietdepartement te kom finaliseer.

Meganisasie verkry Case-agentskap

NWK is as die nuwe Case-handelaar op Delareyville en Ottosdal aangestel. Dié goeie nuus is onlangs deur Tony Sinclair (besturende direkteur: CSE Equipment) aangekondig. Dit bring mee dat New Holland- sowel as Case-produkte voortaan deur NWK se meganisasiebedryfspunte op Delareyville en Ottosdal hanteer sal word.

Volgens Dirk Lotter (direkteur: Handel) het die eerste samesprekings reeds vier jaar gelede met CSE Equipment, die invoerders en verspreiders van Case- en New Holland-produkte, plaasgevind. Na die verkryging van New Holland SA deur CSE Equipment in April 2006, het samesprekings tussen NWK en CSE meer intensief geraak met die resultaat dat NWK nou die Case-agentskap op die genoemde dorpe verkry het.

Volgens Tony het die feit dat NWK 'n baie stabiele maatskappy met hoë etiese waardes is en klantediens voorop stel, die deurslag gegee om NWK as handelaar aan

te stel.

"Dit is vir NWK 'n voorreg om besigheidsbande verder met CSE te versterk en NWK Meganisasie sien daarna uit om voortaan die Delareyville- en Ottosdal-omgewing blou en rooi te verf met New Holland- en Case-produkte," het Dirk gesê.

Volledige inligting sal bekend gemaak word sodra al die formaliteite afgehandel en die stelsels in plek is.

NWK
U tevredenheid is ons trots

Beperk nou reeds jou risiko

As 'n mens terugkyk na die verlede, is daar seisoene waarin dit die moeite werd was om geen vooruitkontrakte vir mielies of sonneblom te sluit nie. In ander seisoene het produsente wat hul pryse met vooruitkontrakte verskans het, uiteindelik die beter realisasie behaal, terwyl dit in sommige seisoene selfs die moeite werd was om 'n gedeelte van die oes te bêre om later te verkoop.

Volgens Danie Smith (bestuurder: Graanverhandeling) is daar nie 'n algemene bemarkingstrategie of resep wat elke seisoen die beste resultaat sal lewer nie. Elke seisoen is uniek en net so het elke individu ook unieke behoeftes.

Daar is tans 'n verwagting dat, afhangend van die weer, mielie-aanplantings vanjaar groter as in die afgelope seisoen sal wees. Dit kan waarskynlik graanpryse vir volgende jaar onder druk plaas. Produsente behoort nou reeds te kyk na 'n strategie om die risiko van verliese as gevolg van prysdalings later in die leweringseisoen te beperk.

Minimumprys-kontrakte kan ideaal hiervoor gebruik word.

Die hoë pryse waarteen sonneblom tans verhandel, sowel as die swak grondvogtoestande waarmee die seisoen begin word, dra by tot die aantreklikheid van sonneblom in die produksieplan as strategie om risiko te versprei. Produsente wat beplan om sonneblom aan te plant kan nou teen hoë prysvlakke vir lewering in volgende jaar kontrakteer.

As jy met jou hande in jou hare sit oor 'n bemarkingstrategie vir hierdie seisoen, gesels gerus met NWK se graanhandelaars. Kontak hulle by (018) 633-1030.

Wenke vir die boer

Produsente moet gedurende September en Oktober aandag aan die volgende aspekte op die plaas gee:

Vee

- Die bulle moet by die verse gesit word (periode: ongeveer ses weke) sodat hulle voor die koeie kan kalf. Maak seker hulle kondisie is reg. Indien nie, voorsien 'n produksielek *ad lib*.
- Die koeie gaan begin kalf. Hou hulle daagliks dop. Merk kalwers sodat hulle en hul moeders uitgeken kan word.
- Ontwurm, onthoring en kastreer die eerstekalfverse se kalwers wat nou ongeveer drie tot vier maande oud is.

Weidings

- Doen hierdie jaar se weidingsbeplanning. Watter kampe gaan 'n volle seisoensrus ontvang en watter gaan skoongewei word?
- Identifiseer watter aangeplante weiding bemes gaan word. Dit moet saamval met hoeveel en wanneer die speenkalwers uitgegroei moet word.
- Indien die laaste weidings swak benut word, maak gebruik van hulpmiddels soos LS 33 en winterlek (Optilek Winter 40) wat *ad lib* beskikbaar moet wees.

Akkerbou

- Die beplanning vir die insette wat benodig gaan word, moet nou ver gevorder wees. Bestellings vir saad, kunsmis en chemikalieë moet, indien dit nie reeds gedoen is nie, afgehandel word.
- Die produksiefinansiering moet gefinaliseer word.
- Bekalking van lande moet afgehandel word en die bemestingsbeplanning vir die komende jaar moet saam met die bemestingsadviseur deurgewerk word. 'n Afskaling in die bemestingsbehoefte kan wel oorweeg word in gevalle waar die voorafgaande oes swakker as normaal was.
- Onkruid en opslag gaan begin ontwikkel. Die beheer hiervan is nou uiters belangrik om vogverlies te beperk. In gevalle waar die grond te droog vir 'n meganiese aksie is, kan chemiese beheer oorweeg word.

Kontaknommer

Vir meer inligting, skakel Landboubestuursdienste by (018) 633-1145.

Nuwe graanmaatskappy sien die lig

Vanaf 1 September word NWK se graanbemarkingsaktiwiteite in 'n aparte maatskappy bedryf. Die nuwe maatskappy, wat bekend sal staan as NWK Graan Beperk, sal 'n volfiliaal van NWK Beperk wees.

Volgens Gert de Bruin (bestuurder van die nuwe maatskappy) is hierdie verandering genoodsaak deur statutêre wysigings wat ook wysigings in die lidmaatskapvereistes van die JSE tot gevolg gehad het.

Die huidige personeel van NWK se departement Graanbemarking word in die nuwe maatskappy behou en alle bedrywighede van die huidige departement word in die nuwe maatskappy voortgesit.

Vars benadering

"Die vestiging van die nuwe maatskappy bied egter ook geleentheid vir 'n vars, nuwe benadering en strategiese aanpassings wat tot groter voordeel vir ons klante en die NWK Groep sal strek. NWK Graan se klante kan uitsien na dieselfde en hoër vlakke van dienslewering as wat in die verlede gegeld het," het Gert gesê.

Verdere aankondigings en bekendstellings volg binnekort. Hou gerus die media dop of skakel Gert by (018) 633-1030 vir meer besonderhede.

Personeelsake

Michael van Rooyen is op 1 Junie as landbou-ekonoom by Landboubestuursdienste aangestel. Kontak hom by (018) 633-1156 of* michael@nwk.co.za *vir alle landbou-ekonomiese navrae.

Kaart kan bedrog help voorkom

NWK is tans in die proses om 'n debiteurekaartstelsel te implementeer. Hiervolgens moet 'n klant se debiteurekaart vir identifisering by NWK se bedryfspunte geskandeer word voordat kredietaankope per debiteurenommer kan plaasvind.

Volgens Freddie Pohl (bestuurder: Krediet) behoort dit klante die gerusstelling te gee dat geen ongemagtigde persone op sy rekening aankope sal kan doen nie.

Die debiteurekaart is tans nog 'n vrywillige aksie en klante wat nie van die debiteurekaart gebruik wil maak nie, kan steeds die bestaande metode van identifisering (mondelingse debiteurenommer) vir aankope gebruik. 'n Vrywaringsvorm moet egter geteken word waarvolgens die klant onvoorwaardelik verantwoordelikheid neem vir enige aankope wat op sy rekening gedoen word. Diegene wat nog nie teen 31 Desember 2007 'n keuse in die verband aangedui het nie, sal daarna na die kaartstelsel oorgeskakel word.

Hoe gaan die kaart werk?

Klante wat van dié debiteurekaartidentifiseringstelsel gebruik wil maak, kan vanaf September vanjaar by die Kredietdepartement aansoek doen vir 'n debiteurekaart.

"'n Klant of sy gevolmagtigde wat op sy rekening mag koop, sal dan met transaksievoering die debiteurekaart se strepieskode (PIN) rekenaarmatig deur 'n skandeerder laat toets waarna hy/sy ook sy/haar debiteurenommer moet inlees. Indien die debiteurenommer en die debiteurekaart nie gekoppel is nie, sal geen kredietaankope gedoen kan word nie," verduidelik Freddie.

Let wel: Geen aankope sal toegelaat word indien iemand wat van die debiteurekaartstelsel gebruik maak, nie sy debiteurekaart kan toon nie.

Na gelang van 'n klant se behoefte kan soveel kaarte as wat hy benodig uitgereik word. Die eerste kaart is gratis terwyl bykomende kaarte teen 'n nominale bedrag uitgereik sal word. Individuele transaksies per kaart sal op die klant se rekening geïdentifiseer word.

Indien 'n debiteurekaart verlore raak moet die kaart gekanselleer word. 'n Verlore kaart sal vir 'n ongemagtigde persoon wat dit in die hande kry niks werd wees nie, tensy die debiteurenommer aan hom of haar bekend is. Die verlore kaart sal dan teen 'n nominale koste vervang word.

Die debiteurekaarte kan nie by die filiale vir aankope gebruik word nie.

Vir meer inligting kan klante met hul stel by die Kredietdepartement gesels.

Kry joune nou

Die somergewasbegrotings vir NWK se bedieningsgebied vir die nuwe produksieseisoen is teen 'n minimale koste by Landboubestuursdienste beskikbaar. Klante kan vir Michael van Rooyen of Barbara Willemse by (018) 633-1156/7 kontak.

Aandelenuus

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Junie 2007 tot 31 Julie 2007 verhandel:

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
130 676	R4,00
124 638	R4,05
255 314	

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
68 239	R2,50
164 916	R2,55
131 823	R2,56
757 615	R2,60
1 122 593	

Belangstellende kopers en verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1158/9 skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop.

Finansiering: Dít benodig Krediet

NWK se Kredietdepartement benodig die volgende inligting en dokumentasie as deel van die aansoekproses om finansiering en dié dokumentasie moet aansoekers ten tye van hul aansoek vergesel:

- ☑ Die nuutste bankstaat wat die grootte van die fasiliteit aandui asook uitstaande balans.
- ☑ Die nuutste huurkoopstate by alle instellings wat die volgende aandui:
  - Die item wat gefinansier is
  - Die jaarmodel van die item
  - Die bedrag uitstaande
  - Die paaiement betaalbaar
  - Die paaiementdatum
  - Die termyn waaroor die item gefinansier is
- ☑ Die nuutste rekeningstate vir die volgende:
  - Alle verbandlenings by handelsbanke en Land Bank
  - Alle veelenings
  - Alle ander produksielenings by enige ander instelling
- ☑ Indien grond gehuur word, die wettige huurkontrak.
- ☑ Indien die aansoeker besproeiing het, 'n waterregistrasiesertifikaat.
- ☑ Indien die aansoeker 'n maatskappy, BK of trust is, moet NWK voorsien word van 'n uittreksel uit die notule waar een van die direkteure, lede van die BK of trustee gemagtig is om enige dokumente namens die ander te mag onderteken. Ten opsigte van trusts moet 'n trustakte ook voorsien word.
- ☑ In die geval van 'n vennootskap is die besonderhede van al die vennote nodig asook die geskrewe ooreenkoms van wie die aansoek namens die vennote mag onderteken.
- ☑ Indien die aansoeker binne gemeenskap van goedere getroud is, is sy/haar eggenoot se ondertekening ook nodig vir die aansoek.

Wat is die kunsmisbehoeftes na so ’n droë seisoen?

Baie produsente sit met ’n ernstige vraag rondom kunsmisbehoeftes vir die komende plantseisoen. Die vraag wat hulle vra, is: “Moet ek terugsny omdat ek nie geoes het nie of moet ek kunsmispeile dieselfde hou?” *NWK Koördinaat* het by Johan Verwey (bestuurder: Bemesting en Saad) gaan kers opsteek.

Volgens Johan moet die vermindering van kunsmistoediening per hektaar met groot omsigtigheid gedoen word. “Proewe het getoon dat die ekonomiese draaipunt/snypunt tussen ’n hoër insetkoste wat kunsmis betref en hoër inkomste wat in groter oeste realiseer, in baie gevalle onderskat word.

“’n Sprekende voorbeeld hiervan is die proewe wat die afgelope seisoen op Grootpan deur NWK/Omnia gedoen is waarin bevind is dat, onder die spesifieke omstandighede wat daar geheers het, daar selfs met ’n verdriedubbeling van ’n standaard bemestingsprogram, dit reeds in die eerste jaar ekonomies geregverdig kon word. Toegegee: die mielie- en kunsmisprys moet saamspeel en daar moet voldoende finansiering beskikbaar wees om dit te kan doen,” het hy gesê.

“Maar hoe gemaak as die krane van finansiering toe is omdat daar nie in die vorige seisoen geoes is nie? Om sonder kunsmis of net met ’n bietjie stikstof te plant, is moontlikhede wat genoem word. Die vraag is: Wat is ‘’n bietjie’ en is daar riglyne wat kan help om hierdie risiko (want dit bly ’n risiko) beter te bestuur?

“Grondvrugbaarheid hoef ook nie net altyd opgebou te word nie – soms kan daarop teruggeval word as die omstandighede dit vereis,” aldus Johan.

Tabel 1: Totale stikstofbehoefte van mielies in kg/ha uitgedruk in terme van langtermyn gemiddelde opbrengs en die werklike opbrengs van die vorige jaar.

Langtermyn gemiddelde opbrengs	Werklike opbrengs van die vorige jaar								
ton/ha	0 ton/ha	0,5 ton/ha	1 ton/ha	1,5 ton/ha	2 ton/ha	2,5 ton/ha	3 ton/ha	3,5 ton/ha	4 ton/ha
<2	9	12	15	17	20	20	20	20	20
2,5	13	16	20	24	27	30	30	30	30
3	17	21	25	29	34	38	42	42	42
3,5	21	26	31	36	40	45	50	55	55
>4	25	31	37	42	47	53	59	65	70

Fosfaat

Wat fosfaat betref, sê Johan, moet ’n mens in gedagte hou dat ’n grondontleding baie kan help met die kwantifisering van behoeftes en dat een deel per miljoen (of mg/kg) in die meeste ligte gronde ongeveer 4,5 kg P/ha beteken.

Indien die grondontleding dus ongeveer 12 mg/kg is, is daar ongeveer 54 kg P/ha “beskikbaar”. Met ’n verwyderingsyfer in die omgewing van 4 kg P/ton graan kan ten minste ’n redelike gedeelte van die ongeveer 16 kg wat vir ’n 4 ton oes benodig word, uit die reserwe P kom.

Daarmee saam sal ’n jong plantjie net sterker en meer groeikragtig wees as ’n bietjie fosfaat by die pit geplaas word. In hierdie omstandighede sal 3 kg tot 5 kg P/ha genoeg wees vir die klein mielieplantjie om aan die gang te kom totdat sy eie wortels die algemene grondreserwe kan benut.

In die verlede is die term *pop up* of *starter* vir hierdie praktyk gebruik. ’n Beperkte hoeveelheid plantvoedingstowwe word gebandplaas om vinnige, vroeë groei te bevorder.

Stikstof

Volgens Johan is stikstof ’n bietjie meer ingewikkeld omdat ’n standaard grondontleding nie kan help nie (N word nie ontleed nie). Daarmee saam is die oordraagbaarheid van stikstof van een jaar na die volgende problematies en nie noodwendig ’n gegewe nie. Verskeie faktore speel hier ’n rol, waarvan baie of min reën veral in die najaar ’n groot invloed sal uitoefen. Die oes wat die vorige jaar gerealiseer het, het egter hierin seker die grootste invloed.

Met dit in gedagte moet die inligting wat in **Tabel 1** verskyn met groot omsigtigheid hanteer word en verkieslik saam met die verteenwoordiger of landboukundige onder oë geneem word.

Produsente hou daarvan om op ligte gronde (sanderige gronde) ’n redelike hoeveelheid stikstof naby die pit neer te sit – net om die jong plantjie te help om so gou moontlik uit die wind, wurms en kewers te kom. 20 kg - 30 kg N/ha is realisties vir smal en wye rye.

Dit beteken dat daar in uiterste gevalle nie meer stikstof oor sal wees vir topbemestings nie – wat in elk geval bietjie later toegedien kan word indien toestande dit vereis.

Kalium

Produsente behoort ’n langtermyn strategie, wat op werklike grondontledings en ooreenstemmende behoeftes gebaseer is, ten opsigte van potas toe te pas.

Handel hou makietie!

Maak jouself reg vir ’n lekker Handel opskop of twee.

- 19 - 20 Oktober: Zeerust Handel

Handel hou makietie!

Ekspo met ’n televisie-opname deur Ontbytsake. Navrae: Gerhard van der Ryst by (018) 642-2170.

Handel hou makietie!

- 30 November - 1 Desember: Lichtenburg Handel Ekspo. Navrae: Peet Meyer by (018) 632-5071.

Is joune in ’n tiptop kondisie?

Met die stroopseisoen skaars agter die rug, maak produsente reeds gereed vir die naderende plantseisoen.

Produsente moet nou reeds herstelwerk aan hulle werktuie laat doen, sodat dit in ’n werkende toestand en gereed kan wees vir wanneer die eerste reën val.

“Produsente moet nie eers tot Oktober of November wag voordat hulle hul werktuie vir herstelwerk na die werkswinkels bring nie. Dan is daar gewoonlik ’n kapasiteitsprobleem en almal wil vinnig gehelp word,” raai Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) produsente aan.

“Onderdele moet ook vroegtydig bestel word – as jy dit nie nou kan betaal nie, tref ’n reëling dat jy dit in Oktober of November sal kom kry en betaal.

Produsente weet self in watter sikliese bedryf ons is en dit is vir ons moeilik om vooraf te bepaal hoeveel onderdele en van watter soort produsente vanjaar nodig gaan kry,” het Piet gesê.

Bêre jou stroper só

Piet gee ook die volgende wenke vir produsente wat reeds klaar gestroop het en hul stropers tot volgende seisoen moet bêre.

- Trek jou stroper onder ’n dak – veral sleepstropers wat baie dryfbande en *pulleys* het en deur die son beskadig kan word.
- Maak seker dat daar nêrens enige plantreste in die stroper is nie.
- Smeer ou olie aan roesplekke.
- Doen nou reeds herstelwerk aan stropers – teen strooptyd volgende jaar het jy reeds vergeet van foute en probleme en kan dit jou onnodige staantyd kos.

Opskud met saadbestellings!

Produsente wat nog nie hulle saadbestellings geplaas het nie, sal moet gou spring om te verseker dat saad teen planttyd beskikbaar is. Roundup Ready mielies, veral die wit basters, is baie skaars.

Diegene wat dit oorweeg om droëbone te plant, sal veral moet opskud – daar is tans slegs ’n beperkte hoeveelheid Kranskop- (suikerbone) en Teebussaad (klein wit inmaakbone) by NWK se Saad-afdeling beskikbaar.

“Droëbone kan nog tot laat in die seisoen (tot in Januarie) geplant word en is ’n uitstekende kontantgewas. Hou jou koelste lande vir droëbone – dit is baie sensitief vir hoë temperature en speen maklik hul blomme af,” gee Lood de Beer (Saad-afdeling) raad.

Pitgroottes

Om die verwarring van pitgroottes uit te skakel, fokus al meer saadmaatskappye deesdae op pittellings en nie meer noodwendig op die massa van ’n sakkie saad nie. Dit behoort dit vir die produsent ook makliker te maak om sy begrotings hiervolgens te doen.

Die nuwe pitklasse is soos volg: ’n 5 plat kort is omtrent ’n F14 en ’n 4 rond is ’n R22. In beide gevalle is daar 60 000 pitte per sakkie.

Saad by handelswinkels

Beperkte hoeveelheid saad (mielies, voer en sonneblom) is vir die produsent se gerief by NWK se handelswinkels beskikbaar.

“Ons het van die populêrste basters van die verskillende maatskappye by die handelswinkels geplaas sodat ’n produsent, as hy net ’n paar sakkies saad kort om klaar te plant, dit sommer gou daar kan gaan kry,” het Lood gesê. Groter hoeveelhede kan by die Saad-afdeling op Lichtenburg bestel of afgehaal word.

Navrae

Vir enige navrae oor saadbestellings, skakel Lood de Beer by (018) 632-3014/23.

Waarde vir geld

Kyk uit vir die grondslyt onderdele promosie wat tans by NWK se meganisasiebedryfspunte aan is. La Piña is nou teen baie bekostigbare pryse beskikbaar.

Wees reg vir die nuwe seisoen

Produsente moet seker maak dat alle kunsmistenks vooraf gewas en gespoel word voordat die nuwe seisoen se kunsmis afgelewer word. Dít is die aanbeveling van Dewald Steyn (fabrieksbestuurder: Vloeibare Kunsmis).

“Deur dit te doen, word kontaminasie en kristallisering uitgeskakel. Dit verseker ook dat daar geen vuiligheid in die tenks sal wees nie. Maak verder seker dat die deksels dig sluit en krane in ’n goeie toestand is. Alle toerusting en onderdele is by die vloeibare kunsmisfabriek op Lichtenburg beskikbaar,” het hy gesê.

Diens van pompe

Die tyd raak min om kunsmispompe te laat diens. Kontak gerus die fabriek indien daar nog pompe is wat aandag nodig het.

Aflewering

Produsente word daaraan herinner dat hulle betyds hul beplanning vir die aflewering van vloeibare kunsmis moet doen. Bestellings vir aflewering moet ten minste 48 uur voor die tyd geplaas word.

Kontak die vloeibare kunsmisfabriek by (018) 632-4690.

Kyk uit vir dié promosies

Dis heerlike lente en die ploegseisoen is voor die deur. Hou die pers dop vir NWK Handel se lente- en ploegpromosie wat in hierdie tyd gehou word. Daar is ook fantastiese kompetisiepryse by die handelswinkels te wen.

Woema-wenner

Tydens die onlangse omheiningspromosie wat NWK Handel aangebied het, kon een gelukkige klant 'n vierwiel motorfiets wen. Baie geluk aan Marais Rocher van Swartruggens (links) wat hier die motorfiets van Sakkie Nortje (winkelbestuurder: Swartruggens) ontvang. Die kinders was sommer gereed om dit al huis toe te bestuur.

Augustus-winde vereis instandhouding

Stormwinde wat nou kan voorkom, kan groot skade aan geboue aanrig: dakke waai af of dakplate lig op.

Versekeringsvoorwaardes vereis dat deurlopende instandhouding aan verseker de strukture gedoen word om skade te voorkom. Tree dus altyd op asof jy nie verseker is nie.

Nywerhede

Verseker jou wild

'n Wildboer se risikobestuursvermoë was tot onlangs nog baie beperk gewees en veldbrande en weerlig was van sy grootste risiko's. Goeie nuus is egter dat daar nou 'n spesiale wildversekeringsproduk beskikbaar is.

Wildboere besef dat 'n veldbrand sy hele "bedryfskapitaal" in 'n oogwink kan verwoes en gevolglik moes hy groot sorg dra om sy brandbane in stand te hou. Ander tipes risiko's waaraan die wildboer blootgestel is, is natuurlik siektes, diefstal en stropery.

VEA Risk Consulting het 'n spesiale versekeringsproduk ontwikkel om die wildboer verskeie opsies te bied soos onder andere alle risiko-dekking of dood slegs as gevolg van brand, weerlig en storms – welke dekking se premie aansienlik goedkoper is. Die wildboer het ook die keuse van watter diere hy wil verseker, byvoorbeeld die hele kudde of slegs hoë waarde diere soos buffels en leeus.

Die premie is heel bekostigbaar: vir die prys van een eland (R8 000) kan alle risiko-doodsdekking op 'n wildkudde van ongeveer R350 000 uitgeneem word.

Uitsluitings soos diefstal of wildstropery is van toepassing, maar kan opsioneel teen 'n addisionele premie uitgeneem word. Brandbane, soos vereis in die wet op veld- en bosbrande, is egter steeds 'n vereiste.

Jou naaste NWK versekeringsadviseur kan jou van meer inligting voorsien.

Insetkosteversekering kan 'n reddingsboei wees

23 840 ha somergraan is die afgelope seisoen deur NWK Versekeringsmakelaars vir 'n verlies aan insetkoste verseker.

Volgens Pieter Delport (ARS) is daar tot op hede reeds eise tot 'n bedrag van R8 739 330 aan risikobewuste kliënte uitbetaal.

"Alhoewel dit nie vir die produsent wins in die sak bring nie, los dit sy verpligting teenoor die finansierder af.

"Veral met die nuwe kredietwet wat in Junie vanjaar geïmplementeer is, word al hoe groter beperkings op kredietverskaffing geplaas.

"Die uitbetaling ten opsigte van insetkosteversekering verbeter die skuldlas van risikobewuste produsente aansienlik en gevolglik behoort dié produsente nie probleme met finansiering vir die 2007/2008 seisoen te hê nie," het Daan Hugo (NWK Versekeringsbestuurder) gesê.

Nuut op Noordfed se winkelrak...

Noordfed gaan gedurende September drie nuwe produkte tot hulle bestaande Vita-reeks voeg. Volgens Riaan Rautenbach (bemarkingsbestuurder: Noordfed) wil hulle met dié produkte 'n nismark betree.

Die nuwe produkte is:

Hamermeulpap – dit het ekstra semels en is growwer as gewone braaipap en is ideaal vir die gesondheidsbewustes onder ons.

Motogo mielieroom – dit is 'n baie fyn witmieliemeel waarmee sagte slappap gemaak word.

Polenta – dié fyn geelmieliemeel (wêreldwyd gewild in gesogte restaurante) kook baie vinnig gaar en word in spesialiteitsgeregte gebruik.

Die Vita-reeks sal dan bestaan uit wit- en geelbraaipap, hamermeulpap, motogo mielieroom en polenta.

Besoek jou naaste handelswinkel vir hierdie nuwe produkte van Noordfed.



Nuwe leunwaens in die NWK stal

NWK-Vervoer spog met vier nuwe leunwaens. Dit volg nadat die direksie goedkeuring verleen het om vier nuwe leunwaens te laat bou ter vervanging van die ou Hartland (1997- jaarmodel) leunwaens.

Die nuwe leunwaens het ’n wettige drakapasiteit van 31,6 ton (sowat 2 ton per vrag meer as die bestaande leunwaens). Die leunwaens se leë gewig is ligter as die Hartland leunwaens s’n – daarom is die wettige loonvrag ook meer op die nuwe leunwaens. Die nuwe waens sal hoofsaaklik gebruik word om sonneblom en mieliekiem mee te vervoer.

Volgens Anton Jacobs (bestuurder: NWK-Vervoer) is hulle baie in hul skik met hierdie toerusting en kan hul effektiwiteit hierdeur nog verder verhoog word. Die totale vragkapasiteit is deur die aksie vergroot deurdat slegs twee van die 15 ou Hartland leunwaens per tender verkoop is in plaas van vier.

Die aankoop van hierdie leunwaens is deel van ’n goedgekeurde vervangingsprogram wat ten doel het om 15 van die ou Hartland leunwaens oor ’n tydperk van vier jaar te vervang.

Volgens Anton is die onderhoudskoste op die Hartland leunwaens aan die toeneem en maak die swaar gewig van die Hartland leunwaens dit moeilik om die wet na te kom.

Eksterne klante

Die departement lewer ook ’n diens aan voornemende eksterne klante.

Skakel NWK-Vervoer by (018) 632-4565 vir ’n vervoerkwotasie en/of vragvervoer advies.

Dié nuwe leunwaens van NWK-Vervoer sal hoofsaaklik vir die vervoer van sonneblom en mieliekiem aangewend word.

Volgende vergadering

Die volgende direksievergadering sal op 2 November plaasvind.

Algemeen

Halwe eeu lid

William Harvey

Hansie Krüger

Willem Visser

Ray Preece

NWK het weer tydens vanjaar se algemene jaarvergadering op 19 Junie sertifikate vir aandeelhouers wat vanjaar reeds vir ’n aaneenlopende tydperk van 50 jaar en langer lid van NWK is, sertifikate oorhandig.

Tydens die jaarvergaderings was William Harvey, Willem Visser en Hansie Krüger self teenwoordig om hulle sertifikate in ontvangs te neem. Poekie du Preez, Gert du Toit, Ray Preece en Martiens Roothman het ook intussen hulle sertifikate ontvang.

Vir die wilde individu

Hou jy daarvan om jou unieke stempel af te druk waar jy kom? Dan is die nuwe CrossPolo net die ryding vir jou. Dié 1.9 Tdi met sy sportiewe voorkoms en hoër suspensie is spesiaal vir diegene ontwerp wat “wild at heart” is. Die CrossPolo is nou teen R182 900 (sondak en spoedbeheer opsioneel) by Noordwes VW op Lichtenburg beskikbaar. Vir meer inligting skakel Noordwes VW by (018) 633-1321/4.

Ken jou handelsmerk

Het jy geweet dat Noordfed ook hondekos onder die Brakanjan-handelsmerk vervaardig? Die reeks is baie gewild onder produsente en bied goeie voedingswaarde vir hul honde teen ’n uiters billike prys. Dit bestaan uit Brakanjan Original (18% proteïen) en Brakanjan Advanced (19% proteïen). Brakanjan Original is in 50 kg, 25 kg, 10 kg en 8 kg verpakkings en Brakanjan Advanced in 20 kg, 10 kg, 8 kg en 2 kg verpakkings by onder andere NWK se handelswinkels beskikbaar.

BRAKANJAN
COMPLETE AND BALANCED DOG FOOD

NWK Landbou Dagboek

12 September 2007
– NWK Damestee by Lichtenburg kommando-saal

NWK Damestee saam met Sonja Herholdt, “Voetpad na vrouwees” en Lukas Otto van *Tuinpaleis*, “Tuine van Suid-Afrikaanse dorpe”.

Navrae kan gerig word aan Mariëtte Hugo by (018) 633-1172 of *mhugo@nwk.co.za.*

Stuur inligting oor gebeure in jou kontrei aan Johan Bezuidenhout by *jbezuidenhout@nwk.co.za* of faks (018) 633-1905.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Freddie Pohl

Kredietverskaffing is baie klante se eerste punt van kontak met NWK. Juis daarom is dit vir die nuwe bestuurder: Krediet, Freddie Pohl, belangrik om klante se finansieringsbehoeftes te identifiseer en op 'n effektiewe, daadwerklike wyse aan te spreek.

Freddie Pohl

Volgens Freddie moet die kredietverskaffingsfunksie ook geleenthede identifiseer waar NWK deur sy wye reeks bedryfsvertakkinge die klant tot diens kan wees.

"Die Kredietdepartement tree myns insiens as 'n poort tot NWK se wye spektrum van dienslewering op en speel derhalwe 'n integrale rol om 'U tevredenheid is ons trots' 'n werklikheid te maak," het hy gesê.

Freddie, voorheen hoofrekenmeester in die departement Finansies, is aangewys as die nuwe bestuurder: Krediet vanaf 1 Julie. Sy aanstelling volg na die aftrede van Willie Manders.

As bestuurder: Krediet is hy onder meer verantwoordelik vir kredietgoedkeurings, die neerlegging en toepassing van NWK se kredietbeleid, klanteskakeling, begrotings- en administratiewe beheer.

Agtergrond

Freddie is 'n gebore en getoë Lichtenburger wat sy B.Rek.Hons-graad aan die PUK voltooi en in 1988 sy GR(SA) verwerf het. Hy is sedert 1996 in diens van NWK. Freddie is getroud met Susan en hulle het drie kinders.

Drie legendes gegroet

Gedurende Junie en Julie vanjaar is daar van drie groot geeste in NWK afskeid geneem. Gert Pretorius (voorsitter), dr Chris Wentzel (besturende direkteur) en Willie Manders (bestuurder: Krediet) het al drie afgetree. NWK wens hulle alle sterkte toe met die nuwe fase in hul lewens.

NWK se direksie, bestuur en personeel het op 13 Julie tydens 'n dinee afskeid van dr Chris Wentzel (besturende direkteur) geneem wat na meer as 33 jaar diens by NWK afgetree het. Hier oorhandig Heinrich Krüger (nuwe voorsitter: NWK) namens die direksie en bestuur 'n geskenk aan hom.

Op 6 Julie vanjaar is daar amptelik van NWK se voorsitter, Gert Pretorius, afskeid geneem. Gert het gedurende die algemene jaarvergaderings in Junie na 24 jaar op NWK se direksie afgetree. Van dié 24 jaar was hy vyf jaar ondervoorsitter en die afgelope agt jaar voorsitter.

Vanaf die begin van Julie is daar ook 'n nuwe bestuurder by die Kredietdepartement. Willie Manders het na 40 jaar by NWK afgetree. Op 25 Julie het NWK van hom en sy vrou, Malie, afskeid geneem.

Wen!

'n Gelukkige leser kan hierdie Warthog V-vorm messkerpmaker en -slyper ter waarde van R350 wen.

Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wat is die nuwe NWK graanmaatskappy se naam?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks (018) 633-1916 of e-pos *jbezuidenhout@nwk.co.za*. Inskrywings moet hom voor of op 1 Oktober 2007 bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Annatjie Rousseau van Lichtenburg wat die Salton Deep Fryer gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers behartig.

NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.